Lewensoriëntering

Week 5

Graad 7

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Loopbaanrigtings

Wanneer jy begin dink aan wat jy na skool wil doen, isd aar so baie keuses dat dit dikwels moeilik is om te besluit watter rigting om te kies. Dis ‘n goeie idee om ‘nloopbaanrigting te kies met so ‘n breë as moontlike area van werk waarin jy geïntreseerd is.

Dit moet iets wees wat jy goed sal kan doen en sal geniet om te doen. Wees net bewusdaarvan dat jy dalk nie die beroep wat jy kies vir die res van jou lewe sal doen nie. Baie menseverander van rigting in hulle loopbaan, maar dit is nie altyd maklik nie.

Dit is dus wys om baie tyd te bestee om aan jou talente te dink en wat jy regtig graag sal wildoen. Probeer om ‘n studierigting te kies wat aan jou basiese vaardighede sal leer en ‘n aantal moontlike werksopsies sal bied.

Die volgende aanbieding sal vir jou idees gee om jou te help om te begin dink wat jy regtig wil word.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

6 Tipes Loopbaanrigtings

1.) Landbou, voedsel, omgewing en natuurlike hulpbronne

2.) Besigheid, bestuur, administrasie en regering

3.) Kommunikasie, inligtingstelsels, kunste en vermaak

4.) Argitektuur, ingenieurswese, vervaardiging en tegnologie.

5.) Gesondheidsdienste, tegnologie en medies.

6.) Menslike dienste en hulpbronne.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

Belangrik!

Jy gaan nou elke loopbaanrigting opsom. Dit is nie nodig om al die inligting neer te skryf wat in die blokke staan nie. Kies vir jou 3 – 4 dele en skryf dit neer.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LANDBOU, VOEDSEL, OMGEWING EN NATUURLIKE HULPBRONNE

LAERSKOOL MIKRO

In hierdie rigting kan jy werk met :

Voedselgewasse ; plante ; diere ; riviere ; bewaring en beskerming van natuurlike hulpbronne

Moontlike beroepe:

Boer ; voedseltegnoloog ; botans ; veearts ; wildbewaarder ; marine bioloog ; sjef

Vaardighede:

Liggaamlik fiks ; handvaardig en stel belang in wetenskap.

Belangstellings:

Omsien na diere ; bewaring van die natuur ; seelewe ; voorbereiding en bediening van kosse ; geologie (rotssoorte/minerale).

Laerskool Mikro Kopiereg ©

BESIGHEID, BESTUUR, ADMINISTRASIE EN REGERING

In hierdie rigting kan jy werk met :

Syfers ; bestuur ; finansies ; stelsels ; ontwerp en organisering.

Moontlike beroepe:

Rekenmeester ; sekretaresse ; politikus ; bemarking ; administrasie

Vaardighede:

Georganiseerdd ; rekenaarvaardig ; goed in wiskunde ; werk met mense en verwerking van inligting

Belangstellings:

Syferwerk ; gebruik van rekenaars ; organisasie en werk met mense en stelsels.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

KOMMUNIKASIE, INLIGTINGSTELSELS, KUNSTE EN VERMAAKLIKHEID

LAERSKOOL MIKRO

In hierdie rigting kan jy werk met :

Media ; TV ; radio ; rekenaars ; elektronika ; kunste en teater

Moontlike beroepe:

Grafiese ontwerp ; fotografie ; IT ; teater ; aanbieder ; joernalis ; kommentator en akteur.

Vaardighede:

Algemene kennis ; kommunikasie ; skryf ; lees ; teken ; skilder ; musiek/sang ; goeie selfbeeld en goeie menseverhoudings.

Belangstellings:

Kommunikasievorms (radio, TV, koerante en sosiale media) ; drama ; redevoering ; kunsvorms soos drama; dans en musiek ; ontwerp van webtuistes

Laerskool Mikro Kopiereg ©

ARGITEKTUUR, INGENIEURSWESE, VERVAARDIGING EN TEGNOLOGIE

LAERSKOOL MIKRO

In hierdie rigting kan jy werk met :

Ontwerp van paaie, brûe, masjiene, voertuie en infrastruktuur ; mynwese en vervaardiging.

Moontlike beroepe:

Ingenieur (siviele, meganies, industrieël) ; argitek ; bouer ; ontwerper en navorser oor alternatiewe krag.

Vaardighede:

Baie netjies en georganiseerd ; skeppend ; goed in wetenskap/wiskunde ; luister- en kommunikasievaardighede.

Belangstellings:

Ontwerp ; bou ; herstel ; ontwerp van masjiene, geboue, voertuie ens. ; tegnologiese produkte

Laerskool Mikro Kopiereg ©

GESONDHEIDSDIENSTE, -TEGNOLOGIE EN MEDIES

LAERSKOOL MIKRO

In hierdie rigting kan jy werk met :

Openbare gesondheid ; medikasie ; genesing in die vorm van tande, bene, spiere, hart ens.

Moontlike beroepe:

Dokter ; sielkundige ; tandarts ; apteker ; dieetkundige en verpleegster.

Vaardighede:

Wetenskap/chemie ; wiskunde ; werk goed met mense ; kommunikasievaardighede ; geduldig ; handvaardig

Belangstellings:

Hulpverlening aan mense ; wetenskap en chemie ; begrip van masjiene en rekenaars ; navorsing van siektes en ander dinge.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

MENSLIKE DIENSTE EN HULPBRONNE

In hierdie rigting kan jy werk met :

Enige iets wat mense op enige wyse kan help.

Moontlike beroepe:

Prokureur ; onderwyser ; loodgieter ; elektrisiën ; geestelike leier en maatskaplike werker.

Vaardighede:

Kreatief ; goed met kinders ; goeie verbale en skriftelike kommunikasie ; georganiseerd ; handvaardig ; werk goed saam met mense.

Belangstellings:

Help graag ander ; werk met kinders ; wets-toepassing ; herstel en instandhouding van masjinerie ; onderwys ; hotelle ; winkels.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

IDENTIFISERING VAN 'N LOOPBAANRIGTING

Laerskool Mikro Kopiereg ©